**KOINGNAAS BELASTINGBETALERS VERENIGING (KBBV)**

**Crescent Laan 9, Koingnaas, 8249**
**Whatsapp Nommer: 064 816 0385**
**Https://www.koingnaas.co.za**

Geagte Koingnaas Grondeienaar **06 Oktober 2023**

**Koingnaas - deur die KBBV - het toe ons saak kon stel in die Hooggeregshof op 13 en 14 September 2023.**

Hier volg 'n uiteensetting van die koste van saaknommer 2609/2021 in Kimberley Noordkaap.

Totale koste van die saak van 15 Desember 2021 tot 06 Oktober 2023:

R1 018 544.91 - Eenmiljoen Agtienduisend vyfhonderd vier en veertig rand en een en negentig sent.

Totaal nog uitstaande op 06 Oktober 2023:

| | |
|---|---|
| Adv Dennie Du Preez | - R 85 112.00 Rekening aangeheg – Het afbetaal ooreenkoms van R15 000 PM |
| Haarhoff's Kimberley | - R 85 575.95 Rekening aangeheg – Wil reëling maak: R40 000 nou, R8 000PM |
| Adv Francois Kriel | - R 85 000.00 Voorlopige skatting – Wag nog vir Rekening van Adv. Kriel |
| **Totaal** | **- R255 687.95 Totaal Verskuldig.** |

**R1 018 544.91** totaal uitstaande is soos volg deur die 22 Maande soos volg hanteer.

**R 248 475.00** – Min: Korting Toegestaan aan die KBBV deur die regspan.

**R 770 069.91** – Betaalbaar vir die Regskostes

**R 331 425.00** – Min: KBBV betaal in die 22 Maande deur Dispuut gelde en skenkings ontvang.

**R 182 856.96** – Min: NBU gelde voorgeskiet aan die KBBV om die Regspan te vergoed.

**R 255 687.95 – Totaal nog verskuldig aan die regspan.**

**Die volgende lede van die span het hulle tyd gratis geskenk vir die saak aan die KBBV:**
- Mnr John Kidson - Prokureur Gauteng - Stupel & Berman Ingelyf – **60 ure.**
- Mnr Jaap Kelder – Projek leier en Koördineerder van die Regspan – **295 ure.**
- Johan Gräbe – Forensiese Oudit van Kamiesberg en Staats sektore waar nog van 2016 tot 2023 – **290 ure**.
- Annalie Gräbe - Administrasie en alle dokumentasie hanteer en betalings aan regspan bestuur - **120 ure.**
- Leon van den Berg (tyd en km gereis vir indiening van dokumente) en toesig oor die KBBV geldsake - **55 ure.**
- Verskeie Grondeienaars en buite instansies wat skendings gemaak het tot die regskoste: **Baie dankie daarvoor**.

Hierdie is volgens die KBBV die finale rekeninge vir die hofsaak. Daar mag dalk hier en daar nog uitgawes wees.

***NB: Die KBBV gaan met 'n geld invorderings poging begin om die R255 687.95 aan die regspan te betaal. Die gee vir alle eienaars van Koingnaas wat nie Dispuut wil of kan teken nie, die geleentheid om ook by te dra tot die saak. Ons sal die voorgestelde invorderings stelsel in 'n aparte skrywe uiteensit.***

**Vriendelike Groete**

**Johan Grabe, Voorsitter KBBV**